

**9 September**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 12:33-13:34**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 13:20-25**

**Die Here het sy Gees aan ons gegee om ons te help om leuens raak te sien**

Die jong profeet moet 'n boodskap van oordeel bring. Hy mag nie, as sy taak afgehandel is, met dieselfde pad teruggaan of êrens in Israel iets eet of drink nie. Met sy terugkeer keer 'n ou profeet hom voor en oorreed hom om by hom tuis te gaan. Nou tref God se oordeel hom: hy word deur 'n leeu doodgemaak. Ons menslike verstand sê vir ons dat dit eintlik die ou profeet is wat gestraf moes word want hy het die leuen vertel en die jong profeet mislei. Die Here het hom nie deur 'n engel aangesê om die jong profeet in sy huis te ontvang nie. Maar God leer ons hier: moenie 'n leuen glo nie, maak nie saak van wie dit kom nie. Tussen die dissipels was daar 'n verraaier. Die Skrif waarsku teen valse leraars. As jy 'n leuen vertel, weet jy dit is verkeerd. Om egter 'n leuen te glo, is om rustig op 'n pad voort te gaan wat jy dink die regte een is – en waarop gaan dit uitloop? Daarom het God sy Seun gestuur om ons uit die mag van die vader van die leuen te verlos en vir ons sy Gees te gee wat die “Gees van waarheid” genoem word. Moenie alles glo wat jy hoor en lees nie. Toets die geeste, lees en studeer self. Bid om wysheid en hou aan die waarheid van God se Woord vas sodat jy op die pad bly wat uitloop op ewige heerlijkheid.

*Sing: Skrifberyming 41:4-6*

*Ds PH Fick (Komatipoort)*